# 'N BESTUURSPLAN VIR KULTUURHULPBRONNE IN PRETORIA

DR G-M VAN DER WAAL
Groep Sosiale Dinamika
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Pretoria

Ten spyte van die belangstelling in die omgewing deesdae, het die *stedelike* omgewing, in vergelyking met die natuurlike omgewing, nog maar min aandag ontvang. Dit blyk nie alleen uit die taamlik negatiewe klem in die omgewingsdebat op rommelstrooi en ander vorme van besoedeling in die stad nie, maar ook uit die gebrek aan publieke betrokkenheid by omgewingsaangeleenthede in die stad. Dit kan egter nie bekostig word om die stad, as 'natuurlike' habitat van die mens, op dié wyse af te skeep nie.

**DIE GEVOLGE VAN VERSTEDELIKING VIR DIE OMGEWING**

In 'n land soos Suid-Afrika, wat die 50% merk van verstedeliking verby gesteek het, het dit dringend noodsaaklik geword om 'n beleid te ontwikkel wat 'n stedelike omgewing met 'n goeie gehalte verseker. Nalatigheid in hierdie opsig kan moontlik tot omgewingsrampe in ons stede lei. Daar is aanduidings dat die druk op stede as gevolg van informele behuising in die toekoms nog gaan toeneem.

**'N UNIEKE KONFERENSIE**

In 'n poging om hierdie probleem aan te spreek, beplan die Stadsraad van Pretoria om 'n omgewingsbestuursplan vir die stad op te stel. Daar is baie maniere om so 'n bestuursplan op te stel, van 'n burokratiese werkswyse tot die verkryging van die dienste van 'n professionele konsultant. Die Stadsraad het op advies van 'n komitee waarop verteenwoordigers uit die privaatsektor en akademie sitting het, besluit om die inwoners van die stad by dié poging te betrek. As 'n eerste stap word 'n konferensie oor die kultuurhulpbronne van Pretoria in Oktober 1992 gehou. Daarmee word nie verwag om onmiddellik al die probleme in die omgewing op te los nie, maar wel om met konstruktiewe aksies te begin.

Elke konferensie is uniek, maar die beoogde Pretoria-konferensie is beslis buitengewoon. Om 'n idee van die uitsonderlikheid konferensie te kry, is dit eers nodig om die filosofie te verduidelik wat gelei het tot die besluit om 'n konferensie te hou. Teen hierdie agtergrond sal ook die begrip 'kultuurhulpbronne' verklaar word.

**KNELPUNTE IN DIE STADSOMGEWING**

Vir te lank het die siening van stede in Suid-Afrika (spesifiek dié wat voorheen as 'blanke' stede bekend gestaan het) gebuk gegaan onder fragmentarisme (dit wil sê alles word opgebreek in afsonderlike deeltjies) en 'n gebrek aan eienaarskap van die kant van die publiek. Die fragmentarisme blyk uit die ver deurgevoerde spesialisasie in verskillende vakrigtings wat niks meer van mekaar se terreine af weet nie en uit die isolasie van huise van mekaar, elkeen staan apart op sy eie erf. 'n Gevoel van samehorigheid ontbreek. In die munisipaliteit is daar 'n legio departemente en afdelings volgens verskillende dissiplines en dit is bykans onmoontlik om 'n geheelbeeld te kry. By die stad se inwoners het die fragmentarisme gelei tot die opbreek van die stadsruimte in steriele kompartemente: Soos die stadsbeplanningskema die stadsruimte funksioneel in sones opgedeel het, het die inwoners die ruimte met hul tuinmure en strate-slegs-vir-motorverkeer in enkelfunksionele stukke opgesny. Dit blyk alles vreeslik netjies, maar dit lééf nie, dit kom ons nou agter. Ons stede is kil en gebruikersonvriendelik. Ook toeriste bly liefs maar bra kort in meeste van ons stede. (Sou ons hulle langer in stede kon hou, dan was daar meer ekonomiese voordeel vir die plaaslike inwoners).

**'N NUWE VISIE**

Die geforseerde isolasie van dinge het nog nooit enige langtermyn vrugte opgelewer nie. Die uitdaging is om 'n nuwe visie te skep wat weer eenheid in die stadsbeeld sal bewerkstellig. So 'n eenheidsvisie is nie nodig vir die mooiheid van die omgewing nie, maar dit is essensieel vir goeie stadsbestuur en gemeenskapsdeelname. Dit is ook nodig wanneer toeriste na die stad gelok word. Niemand stel belang in 'n stad wat uitmekaar val en geen identiteit het nie.

**GEMEENSKAPSDEELNAME**

Die fragmentarisme het ook gelei tot 'n verregaande verwydering tussen die inwoners en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die plaaslike bestuur. Dit is nie ongewoon om by 'n beduidende aantal inwoners 'n mate van weerstand teen die stadsvaders te vind nie. Die proses van kloofvorming het waarskynlik ook begin by spesialisasie: Mense het nie meer begryp wat die munisipaliteit eintlik doen nie en daardeur het 'n erosie van verhoudings plaasgevind. 'n Eenvoudige voorbeeld is die regulasies waarmee inwoners soms gekonfronteer word, die taalgebruik is vir gewone mense onverstaanbaar. Die gevaar van hierdie proses is dat die plaaslike owerheid die omgewing begin bestuur sonder dat die inwoners behoorlik weet wat beplan word. Daar sal in kritieke gevalle dalk nog beswaar gemaak word, maar deurgaans het mense apaties geword: 'Die munisipaliteit kan maar doen wat hulle wil, dit help tog nie om te kla nie!'

Vir geen stadsowerheid is dit 'n aangename situasie wanneer inwoners belangstelling (en daarmee ook verantwoordelikheid vir die omgewing) verloor het nie. In so 'n geval het dit 'n besliste uitdaging geword om die eienaarskap van die omgewing weer aan die inwoners terug te gee. Nog altyd voel die mens meer betrokke by dit wat syne/hare is, voel hy/sy meer verantwoordelik en is hy/sy meer bereid om opofferings daarvoor te maak. Die uitdaging waarvoor stadsrade staan, het dus te make met die demokratisering van die stadsbestuur, met medeseggenskap sonder dat die gesag uit hande gegee word. In die sogenaamde 'bemarking' van die stad moet die kontak met die inwoners 'n sentrale rol speel.

**'N LEEMTE IN DIE PRESIDENTSRAADVERSLAG AANGESPREEK**

Dit blyk dus dat sowel die strukturele fragmentarisme as die gebrek aan eienaarskap van die omgewing dringende aandag behoort te kry. 'n Plaaslike omgewingsbestuurstelsel is nodig, 'n stelsel wat aanvullend is tot die voorstelle in die onlangse Presidentsraadverslag oor die omgewing. Soos bekend, het dié verslag die leef- en werkomgewing van die mens, die kultuuromgewing, uitgesluit. Hierdie leemte word tans nog nie na behore aangespreek nie.

Die Stadsraad van Pretoria beoog om 'n begin te maak met die ontwikkeling van so 'n stedelike stelsel deur middel van 'n proses wat deur 'n konferensie oor die stadsomgewing aan die gang gesit word. Daar is, sover bekend, behalwe die stedelike bewaringseenhede in Kaapstad en Pietermaritzburg, tans nie voorbeelde van sulke stelsels in die land nie. Daar sal dus aansienlike ontwikkelingswerk moet plaasvind. Vir hierdie ontwikkelingswerk is die kundigheid van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) bekom. Vanuit 'n vakkundige hoek kan die inisiatief wat die Stadsraad met die konferensie neem, nie anders as hartlik verwelkom word nie.

**VERTREKPUNTE VIR 'N STEDELIKE OMGEWINGSBESTUURSTELSEL**

Die basis waarop die beplanning van die konferensie aangepak word, is om eerstens die omgewing as 'n geïntegreerde (holistiese) geheel te beskou, en tweedens om soveel as moontlik belangstellings- en inwonersgroepe daarby te betrek. Daar word gehoop om die fragmentarisme en outokratiese houding van die verlede deur hierdie benadering te vermy.

Dit het vandag mode geword om van die omgewing as 'n holistiese eenheid te praat. Solank dit maar oor die natuurlike omgewing gaan. Oor die stedelike omgewing word daar nie veel gesê nie. Daar word maar net so sydelings na verwys, byvoorbeeld in die genoemde Presidentsraadverslag. Dit is die probleem wat ek aan die begin van die artikel genoem het. Dit het tyd geword om die dominansie van die natuurwetenskappe op die gebied van die omgewing te vervang met 'n meer gebalanseerde benadering.

Van die praatjies oor 'holisme' kom immers nie veel as 'n mens nie konsekwent is nie, die stad *moet* as deel van die omgewing gesien word. Gedeeltelike oplossings help niks nie: Die probleem van bemorsing verdwyn nie deur 'n verbod op rommelstrooi nie. Solank inwoners niks vir 'n omgewing omgee nie en dink dat dit tog nie húlle omgewing is nie, sal hulle onverskillig wees en geen verantwoordelikheid daarvoor voel nie. Innerlike motivering word slegs gestimuleer op die vlak van waardes, wanneer daar vir die omgewing omgegee word, wanneer dit vir mense 'n bepaalde betekenis het. 'n Omgewingstrategie vir die stad moet dus gerig wees op die versterking van die betekenis van die omgewing, van die waarde daarvan.

**VAN TEORIE NA PRAKTYK**

Sodra 'n mens dié besluit geneem het, wil dit lyk asof die onderneming nie makliker word nie, eerder moeiliker. Bome en diere kan nie terug praat nie, mense wel. As jy aan mense se omgewing raak, sit jy midde-in die gesprek oor omgewingskwaliteit, standaarde, besitsreg, ensovoorts. Dit is dan nie meer 'n kwessie van waarneem, meet en monitor nie, maar van publieke opinie. 'n Mens hoef jou egter nie daardeur te laat afskrik nie. Die beoogde konferensie oor kultuurhulpbronne is 'n eerste waagmoedige stap in dié rigting. Dit mag wees dat juis die aanspreek van die omge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wing as 'n geïntegreerde geheel en op 'n wyse waardeur die gemeenskap voel dat dit betrokke is, 'n konstruktiewe klimaat skep wat konflik vermy en ontlont. Daar is dus moontlik meer positiewe resultate as net dié wat op die terrein van die omgewing lê.

## WAAR HET DIE GEDAGTE VANDAAN GEKOM?

Ofskoon die agtergronde van die konferensie ingewikkeld lyk, was die direkte aanleiding eintlik heel eenvoudig. In 1987 is 'n komitee deur die Stadsraad van Pretoria gestig om te probeer om die bewaringsliggame soos die Stigting Simon van der Stel, Genootskap Oud-Pretoria en ander, aan sy kant te kry. Die doel was om dié instansies van 'n gespreksforum met die Stadsraad te voorsien. Die bewaringsorganisasies was gewillig en die komitee het in 'n stadium gevind dat dit belangrik is dat daar 'n sistematiese opname gemaak word van die ou geboue en ander gewarenswaardighede in die sentrale deel van die stad. Dit is immers in sulke dele wat die grootste ontwikkelingsdruk bestaan. Die grootste deel van die opname is intussen op bekwame wyse voltooi. Daar word egter besef dat die inligting nie 'n geïntegreerde bestuursplan vir die omgewing kan wees nie, ook nie vir die sentrale gebied nie. Wat blyk nodig te wees, is 'n bestuursplan vir die hele Pretoria-gebied. Die bewaringsinstansies het te kenne gegee dat hulle ook bereid was om hiermee behulpsaam te wees. Weer eens sal die metode gevolg word van gesprekvoering, hierdie keer by wyse van 'n konferensie en met meer deelnemers as net bewaringsinstansies.

## DIE RYK GESKAKEERDE BELANGE IN DIE STAD

Daar moet meer deelnemers aan die gesprek wees as net bewaringsinstansies, want die omgewing bestaan uit meer waardevolle elemente as net geboue. 'n Mens kan by die grond begin: daar is besondere geologiese plekke in Pretoria waarin geoloë belang stel, daar is argeologiese vindplekke, 'n wye verskeidenheid dierelewe, inseksoorte, plantspesies en ekologiese stelsels. Benewens historiese plekke, byvoorbeeld waar die inheemse bevolking gewoon het vóór die koms van die blankes en die plek waar die eerste Voortrekkers hulle laer getrek het, is daar besondere historiese geboue en voorwerpe in die hoofstad. Dit is ook nie so algemeen bekend dat Pretoria die grootste aantal museums in die land het nie. Die museums strek van die departementele museums (vervoer, pos en telekommunikasie, polisie), die verskillende museums van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die Pretoriase Kunsmuseum tot die militêre museums en die Staatsargief, wat eintlik ook 'n soort museum is. 'n Mens dink verder aan die openbare standbeelde en die versierings in geboue. Die kulturele potensiaal van Pretoria is oorstelpend. Hierdie aspekte en elemente kan almal 'kultuurhulpbronne' genoem word, want hulle is daar om te bewaar, te ontwikkel en te benut.

## WAT IS 'KULTUURHULPBRONNE'?

'Kultuurhulpbronne' word ten opsigte van die stedelike omgewing soos volg gedefinieer: Dit is tasbare omgewingselemente wat met menslike aktiwiteit geassosieer word en wat 'n waarde of 'n aantal waardes vir 'n individu en/of 'n groep mense beliggaam. (Kultuurhulpbronne sluit in die wydste sin ook nie-tasbare sake in, maar vir die doel van 'n omgewingsbestuursplan moet 'n mens by tasbare omgewingselemente bly). Omgewingselemente strek van die onder- tot die bogrondse gedeelte van die omgewing. 'n Mens kan begin by sake soos geologiese formasies, paleologiese vindplekke en argeologiese gebiede. Verder sluit dit lewende organismes in die stad in, soos besondere dierlike, insektekundige en plantkundige sake, asook ekosisteme soos 'n stadsvlei. Ten slotte word historiese plekke, geboue en voorwerpe gereken tot kultuurhulpbronne. 'Kultuur' word vir die doel van hierdie onderneming wyd gedefinieer om hoë en sogenaamde populêre kultuur in te sluit, sowel as owerheids- en protesmanifestasies. Die gedagte is steeds om op 'n inklusiewe wyse na die omgewing te kyk.

Daar moet op 'n spesifieke aspek van die definisie gewys word. Ofskoon dit waar is dat een voorwerp betekenis mag hê vir 'n bepaalde individu, wil dit nie sê dat die gemeenskap hom daaraan moet steur nie. Eers wanneer 'n groep mense (soos 'n vereniging) verklaar dat 'n voorwerp of ander omgewingselement vir hulle belangrik is, behoort daar kennis van geneem te word. Die omgewingsbestuursplan sal dus voorsiening moet maak vir 'n prosedure waarvolgens groepe hul mening oor die omgewing kan lug en waar konsensus oor die waarde van so 'n element verkry moet word.

## PUBLIEKE DEELNAME EN DIE OMGEWINGSOPNAME

Die beoogde konferensie is 'n heel eerste begin om 'n forum vir 'n gesprek oor die stedelike omgewing te skep. In dié verband word ook met meer as net vakkundiges ge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

skakel, ook gemeenskapsgroepe soos kulturele verenigings wat lande van herkoms verteenwoordig, soos die Franse, Duitsers en Nederlanders, en belangstellingsgroepe op die terrein van sport, godsdiens, onderwys, handel en ander fasette van die gemeenskap.

Met die doel om ingeligte konferensiegangers te hê, word vóór die konferensie plaasvind eers 'n verkennende opname gemaak van die kultuurhulpbronne van die stad. Bestaande kennis word gebruik om 'n aanduiding te kry van watter waarde deur bepaalde groepe aan spesifieke omgewingselemente geheg word. Groepe sal gevra word om sulke items onder die aandag van die navorsers te bring. Die inventaris sal geen status hê nie en dien bloot as inligtings- en besprekingsdokument vir die konferensie. Dit sou ook as wegspringpunt vir 'n latere, meer deeglike opname gebruik kan word.

## VERWAGTINGS WAT DIE PROSES SKEP

Die verwagting is dat die opname en konferensie nie alleen 'n groot deel van die inwoners van Pretoria meer bewus sal maak van hulle omgewing nie, maar hulle ook 'n groter begrip vir die kompleksiteit van die prosesse in die omgewing en veral die rol van die mens in die stad sal gee. Verder sal die belangrikste rolspelers in die bevordering van 'n *menslike* omgewing geïdentifiseer en 'n netwerk van kontakte en samewerking gevorm word.

Ofskoon 'n mens bewus is van die beperkings van die hele onderneming en van die tyd wat dit gaan duur, skep dit tog hoop dat sowel die metode van raadpleging van die inwoners as die inklusiewe definisie van kultuurhulpbronne die basis lê vir 'n gesonde omgewingsbestuurstelsel. Die benadering hou, volgens verwagting, ook moontlikhede in vir deelname deur die omringende woongebiede wat voorheen as 'swart' munisipaliteite bekend gestaan het. Die model wat deur die RGN in hierdie verband ontwikkel is, steun in 'n groot mate op navorsing wat juis in Mamelodi, by Pretoria, gedoen is. Hierdie gemeenskappe sal van die begin van die onderneming af by die proses betrek word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services